**GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS**
**SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN**

**SPRAAK EN DRAMA HG**

**OCTOBER / NOVEMBER 2005**
**OKTOBER / NOVEMBER 2005**

**TYD: 3 uur**

**PUNTE: 200**

**INSTRUKSIES:**

- Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings.
- Beantwoord DRIE vrae uit Afdeling A.
- Beantwoord AL die vrae in Afdeling B en C.
- Lees die instruksies aan die begin van elke afdeling sorgvuldig.

## AFDELING A
## TONEELSTUKKE EN TEATERGESKIEDENIS

- Beantwoord DRIE vrae uit hierdie afdeling.
- Elke antwoord moet oor ’n ander voorgeskrewe teks handel.
- Die antwoorde is van gelyke waarde: 50 punte elk (3x50=150).

Hierdie afdeling is op die volgende gebaseer:

- ’n Absurde teks
- ’n Brechtiaanse teks
- ’n Suid-Afrikaanse teks
- ’n Teks van jou eie keuse

### VRAAG 1
### ABSURDE TEATER

**In die jare na die Tweede Wêreldoorlog sien ons die ontwikkeling van ’n algemene tendens om die mens te sien as ’n geïsoleerde wese, uitgewerp in ’n verlate en dreigende wêreld.**

Skryf ’n opstel met spesifieke verwysing na die Absurde toneelstuk wat jy vanjaar bestudeer het om aan te dui dat die dramaturg hierdie troostelose visie van die wêreld ondersteun en dat hierdie houding weerspieël word deur die hantering van die dramatiese beginsels. **[50]**

## VRAAG 2
## BRECHTIAANSE TEATER

**Brecht is 'n sleutelfiguur in die Twintigste-eeuse teater. Hy staan uit as 'n dramaturg wat sy eie toneelstukke geregiseer het en in sy eie teater gewerk het.**

Skryf 'n opstel met spesifieke verwysing na die Brechtiaanse teks wat jy vanjaar bestudeer het om te verduidelik hoe Brecht se unieke aanslag sy hantering van die dramatiese beginsels beïnvloed het. **[50]**

## VRAAG 3
## SUID-AFRIKAANSE TEATER

**Athol Fugard is soms gekritiseer dat hy 'n wit dramaturg is wie se velkleur en Euro-sentriese opvoeding voorkom het dat hy die Suid-Afrikaanse swart meerderheid en hulle probleme werklik intiem geken het en dus op 'n sinvolle manier verstaan het.**

Skryf 'n opstel met verwysing na die Suid-Afrikaanse toneelstuk wat jy vanjaar bestudeer het om aan te toon dat die Suid-Afrikaanse sosiopolitieke situasie wel op 'n sinvolle manier aangespreek word. 'n Ware begrip van Suid-Afrikaanse kwessies behoort ook sigbaar te wees in jou behandeling van al die dramatiese elemente (dramatiese struktuur, karakterisering, dialoog, temas en speelruimte). **[50]**

## VRAAG 4
## EIE KEUSE

**As hoofsaaklik 'n man van die teater verander Athol Fugard altyd verhooghandeling in sosiale aksies, verhoogoptrede in lewensgebeure.
In wese handel al sy toneelstukke oor die krag van kuns en meer spesifiek die kuns van die teater om die probleme van mense en samelewings aan te raak en te diagnoseer.**

Skryf 'n opstel oor die toneelstuk van jou keuse wat jy vanjaar bestudeer het. Gee aandag aan die manier waarop die toneelstuk die gehoor uitdaag en moontlikhede skep om mense tot ander insigte te bring betreffende sowel die temas wat die toneelstuk aanspreek as die manier waarop die dramaturg die dramatiese beginsels hanteer. **[50]**

**TOTAAL VIR AFDELING A: [150]**

AFDELING B

## SPRAAK

### VRAAG 5
### (VERPLIGTEND)

> "Stem" (of stemvorming met die stembande) verwys na die gewaarwording van beengeleide tonale vibrasies of **klankgolwe wat resoneer en versterk (geamplifiseer) word** in ander dele van die liggaam. Oor die algemeen gesproke, **hou stem primêr verwant met die vokale in ons taal.** Wanneer die vokale uitgerek word, noem ons dit sang of sing-praat ("chanting"); wanneer die vokale korter is en konsonante 'n groter proporsie van die tyd en belangrikheid in beslag neem, praat ons van spraak. **In die engste sin verwys "spraak" primêr na konsonant-artikulasie** wat bydra tot duidelikheid en verstaanbaarheid. In 'n wyer sin verwys "spraak" ook na al die aspekte van vokale uitdrukking (ekspressie) soos intonasie, infleksie, aksent, beklemtoning, nuansering – **alles wat gebruik word om sowel intellektuele inhoud as emosionele impak mee oor te dra.**

Bespreek enige DRIE van die aspekte wat uitgelig is (in vetdruk) in die bestaande uittreksel uit Arthur Lessac se boek ***The Use and Training of the Human Voice*.** Verwys na die monoloog wat jy vir die finale praktiese eksamen voorberei het om die stellings wat jy maak, te staaf.

**TOTAAL VIR AFDELING B: [30]**

AFDELING C

## KREATIEWE VERTOLKING

### VRAAG 6
### (VERPLIGTEND)

Jy moet die regie behartig van een van die toneelstukke wat jy vanjaar bestudeer het. Gee die naam van die toneelstuk en **bespreek en motiveer** enige TWEE van die volgende produksie-aspekte wat relevant is vir jou siening van die produksie met die tegnici, ontwerpers, verhoogbestuur en ander wat jou gaan help. (Jou visie mag kreatief, eksperimenteel of konvensioneel wees.)

Bespreek enige TWEE van die volgende aspekte:

- Die gebruik van klank en/of byklanke, beligting, projeksies, spesiale effekte en enige ander tegniese parafernalia om die regte stemming vir die toneelstuk te skep of te ondersteun.
- Die opstelling van die speelruimte versus die plasing van sitplekke vir die gehoor wat die beste by die stuk sal pas.
- Dekorstukke en rekwisiete wat jy gaan benodig vir die produksie.

2x10= **[20]**

**TOTAAL VIR AFDELING C: [20]**

**TOTAAL: 200**

**EINDE**